

A AFWESIGHEDE:

- *Afwesig met verskoning – punte word nie beïnvloed nie.*
Siekte - mediese sertifikaat
Dood – doodsertifikaat / begrafnisbrief
Hofsaak - bewys
Ander – skriftelike verskoning deur voorsitter van die ASKOM bv. biathle / drama / karate
Dit moet ingehandig word by die vakonderwyser waar die kind dies FAT gemis het. Hierdie bewys word dan in die boek geplak en 'n A word op die merkskedule aangebring – die afwesigheid tel dan NIE teen die kind nie.
Indien 'n kind afwesig is tydens die Eindeksamen – moet skriftelike bewyse deur die hoof geteken word en by die LDE ingehandig word. In so geval sal slegs die SBA punte tel.
- *Afwesig sonder verskoning – leerder kry 0*
Versuim om enige van bg te toon na afwesigheid.

B BEVORDERINGVEREISTES:

Fase		SBA	Eindeksamen
GF	Gr. 1 - 3	100	0
Intermed. Fase	Gr. 4 – 6	75	25
Sen. Fase	Gr. 7	40	60

GF:

Die promosiepunt word bereken deur al 4 kwartale se punte saam te tel en die gemiddeld te bereken.

InSen Fase:

Leerders se SBA punte word as volg bereken:

Kwartaal 1 en 3 – kwartaal toets en nog 1 / 2 FAT's (formele assesseringstake).

Kwartaal 2 - Eksamen en 'n FAT

Kwartaal 4 - Een FAT

'n FAT kan wees: toets; taak; projek; gevallestudie; navorsing; prakties.

Die SBA en die Eindeksamen saam – vorm die promosiepunt.

Gr. 1 - 7		
Vlak	%	Omskrywing
1	0-29	Ontoereikende prestasie
2	30-39	Basiese prestasie
3	40-49	Matige prestasie
4	50-59	Voldoende prestasie
5	60-69	Beduidende prestasie
6	70-79	Verdienstelike prestasie
7	80-100	Uitmuntende prestasie

Bevorderingsvereistes Gr. 1 - 3

- TOL - 4
- EAT - 3
- Wiskunde – 3
- LV word nie in aanmerking geneem vir promosiedoeleindes nie.
- Intervensie leerders : Promovering vind plaas: a) Leerders wat reeds die fase herhaal
b) Leerders is ouer as vereiste ouderdom in graad.
- NRP: Not ready to progress
- RP: Ready to progress
- PR: Previously repeated

Bevorderingsvereistes Gr. 4 - 6

- TOL – 4
- EAT – 3
- Wiskunde – 3
- Enige ander 2 vakke - 3
- Intervensie leerders : Promovering vind plaas: a) Leerders wat reeds die fase herhaal
b) Leerders is ouer as vereiste ouderdom

Bevorderingsvereistes Gr. 7

- TOL – 4
- EAT – 3
- Wiskunde – 3
- 3 in enige ander 3 LA's
- 2 in enige ander 2 LA's
- Intervensie leerders : Promovering vind plaas: a) Leerders wat reeds die fase herhaal
b) Leerders wat ouer is as die vereiste ouderdom vir die graad
c) SPO leerders

C MERKBELEID – INSEN FASE

- 1 Die doel van kontrole / merk van boeke, is om terugvoer te gee na die kind sodat hy kan bepaal in hoeverre hy geslaag het in die afhandeling van die opdrag en wat hy moet doen om te verbeter.
- 2 Die merk van opdragte / boeke is slegs effektief as dit behoorlik gedoen word, die opmerkings spesifiek en opbouend is en die kind hierna weet wat om te doen ten einde sukses te behaal.

ALGEMEEN:

- 1 In tale en Wiskunde word die boeke een maal per week behoorlik gemerk deur die vakonderwyser in rooi ink. Die datum word in die kantlyn geskryf en die onderwyser parafeer hierby. Gedurende die week kan die kind self merk of 'n maat kan merk (potlood). Die onderwyser bly verantwoordelik vir die kwaliteit hiervan.
- 2 Een maal per kwartaal word boeke lukraak getrek en boekkontrole word deur die vakhoof gedoen. Hierdie verslae word deur die DPH geliaseer in die Fase se Interne Modereringslêer.
- 3 Een maal per kwartaal word van die kinders se boeke ingeneem per graad deur die DPH om te kontroleer.
- 4 Merk behels opbouende kritiek / opmerkings. Dit moet die kind motiveer om te wil verbeter.
- 5 In alle vakke moet die onderwysers let op die keurige gebruik van TOL/LOLT. Spelling, die gebruik van leestekens en taalgebruik is deurgaans belangrik.
- 6 Gekopieerde werk of werk wat laat ingehandig is, moet in ag geneem word. Die onderwyser moet seker maak van die redes en feite voordat hy onnodige negatiewe opmerkings skryf.
- 7 Indien die onderwyser verlang dat die kind werk oordoen of foute regmaak (nasorg) – is opvolgkontrole van kardinale belang.

- 8 Met die teruggee van boeke / opdragte, moet algemene foute aangespreek word – klassikaal. Nasorg kan gedoen word. Die kind moet ook sy opmerkings lees, verwerk en daarop kan reageer.
- 9 Die onderwyser moet leesbaar skryf, slegs regmerke maak as hy doodseker is dat alles korrek is. As die boeke slegs gekontroleer word, word 'n 'K' in die kantlyn gemaak.
- 10 Die onderwysers gebruik in al die vakke die volgende letters/simbole in die kantlyn wanneer hy merk:

ROOI	BETEKENIS	NASORG (in potlood)
?....	Nie duidelik	Skryf sin oor
o	Leestekens	Sit in wat kort
^	Letter / word uitgelaat	Skryf word / letter
Wo	Woordorde	Skryf sin oor
=	Spelfout	Skryf word twee keer
N	Nasorg	Regte antwoord langs x
D/o	Datum / opskrif	Skryf
H	Hoofletter	Skryf word / sin oor

Die kind moet dus dit wat aangedui is, regmaak. Opvolgkontrole is belangrik. 'n Merk-byderhandboek met klaslyste daarin, word hiervoor aangewend. Bo-aan, in die kolom, word die datum geskryf en sake wat opvolgkontrole vereis word dan hier aangedui teenoor die kind se naam. (huiswerk voltooi; nasorg; doen oor; ens.)

TALE:

- 1 Die boeke word minstens een maal per week gemerk en dadelik teruggegee.
- 2 Foute moet gekorrigeer word – belangrike en opvallende foute.
- 3 By kreatiewe skryfwerk; paragrawe; begripstoetse; ens. is dit nie nodig dat elke spelfout aangedui word nie, dit kan die kind ontmoedig. Die onderwyser gebruik hier eie diskresie.
- 4 By taalstrukture is spelling; woordorde; leestekens; taalgebruik; ens. baie belangrik en hierdie opdragte word streng gemerk. Behoorlike nasorg is 'n vereiste.
- 5 Die kinders moet weet wat die merksisteem van die vak behels. Rubrieke by opdragte maak dit vir die kind en die onderwyser makliker en sodoende is elke regmerk of punt verantwoordbaar.

WISKUNDE:

- 1 Die werk word daaglik deur die kind self of 'n maat gemerk met potlood. Indien verkeerd, word 'n kruisie gemaak en die volledige antwoord word langsaan oorgeskryf.
- 2 Indien die kind meer as die helfte verkeerd het, moet nasorg gedoen word onder die betrokke oefening. Behoorlike ingrype vind plaas. Heronderrig word klassikaal gedoen en hulpverlening vind individueel plaas.
- 3 Hulpverlening word deur die onderwyser met groen pen in die kind se boek gedoen.
- 4 Nasorg word dan die volgende dag deur die onderwyser gemerk.
- 5 Die Wiskunde Departement maak gebruik van die 'stinker' (negatief) en 'smiley' (positief) stelsel.
3 'stinkers' – A-oortreding
3 'smileys' - aanprysing

NWT; SV; LV; TEGNOLOGIE; EBW; SK:

- 1 Die klem val in hierdie vakke op feite - kennis wat verwerf is; ondersoeke wat gedoen is; projekte; opdragte; ens.
- 2 Rubrieke word aangewend sodat die kind presies verstaan waaroor elke opdrag gaan, wat van hom verwag word.
- 3 Die onderwyser fokus dus op feite. Taalfoute, spelling, ens. word wel aangedui en die kinders moet dit korrigeer.
- 4 Na afhandeling van die opdragte wat feitlike kennis vereis, word die kinders voorsien van die regte

antwoorde. Dit word dan met potlood ingeskryf.

- 5 Die boeke word minstens een maal per 10-dae siklus gemerk.

D AKADEMIESE UITSTAPPIES:

Op grond van die akademiese uitslae van die twee eksamens – kan leerders kwalifiseer om op die akademiese uitstappies te gaan. Dit vind plaas in die eerste en derde kwartaal.

Gr. 4	-	gemiddeld van 87,5 % en hoër
Gr. 5	-	gemiddeld van 85 % “
Gr. 6	-	gemiddeld van 82,5 % “
Gr. 7	-	gemiddeld van 80 % “

E AKADEMIES VORDERING:

Kwartaal 3 word daar op grond van leerders se vordering in kwartale 1 en 2 gekyk – van Gr. 1 tot Gr. 7. Hierdie leerders word dan beloon met ‘n uitstappie. Die punteverbetering per graad wissel en kan ook van jaar tot jaar wissel.

F INDELING VAN KLASSE:

Graad 4 en 5:

Aan die begin van die jaar, word gekyk na leerders se promosiepunte EN wiskundepunte.

Aan die hand van hierdie gemiddeld word die leerders in klasse ingedeel. Die doel hiermee, is om te bepaal wie in die intervensieklas moet wees wat fokus op die basiese en op baie hulpverlening.

Die ander twee klasse word heterogeen ingedeel.

Graad 6 en 7:

Die Departement van Onderwys lê jaarliks groot klem op probleme wat in sekere vakke ervaar word – veral Wiskunde. Die indeling van klasse by Laerskool Warmbad stel ten doel om elke groep leerders se behoeftes spesifiek aan te spreek. Verrykende oefeninge vir dié wat die begrippe reeds bemeester het en basiese vaslegging vir dié wat dit nog nie bemeester het nie. Intervensie word dus baie meer intensief gedoen waar nodig en differensiasie is 100% meer suksesvol. Geen groep ervaar die druk van ‘ek kan nie byhou nie’.

Aan die begin van die jaar word die leerders as volg ingedeel:

Die promosiepunte en die wiskundepunte van die vorige jaar word in aanmerking geneem – en die kinders word hiervolgens in klasse ingedeel.

‘n Intervensieklas wat fokus op die basiese en baie hulpverlening.

‘n Klas wat fokus op ekstra en verrykende werk.

‘n Klas wat sonder enige druk hulself kan uitpresteer.

AFKORTINGS:

ASKOM	-	Assesseringskomitee
SBA	-	Skoolgebaseerde assessering
LDE	-	Limpopo Department of Education
GF	-	Grondslagfase
FAT	-	Formele assesseringstaak
TOL	-	Taal van onderrig en leer
EAT	-	Eerste addisionele taal
LV/LS	-	Lewensvaardigheid / Life Skills
NW/NS	-	Natuurwetenskap / Natural Science
SW/SS	-	Sosiale Wetenskap / Social Science
EBW/EMS	-	Ekonomiese Bestuurswetenskap / Economic and Management Science
VK/VA	-	Visuele Kuns / Visual Arts